

Handelinge 20

Handelinge 20:1-38

1 En nadat die oproer verby was, het Paulus die dissipels na hom geroep en gegroet en het vertrek om na Macedónië te reis. 2 En hy het daardie streke deurgegaan, en nadat hy hulle met baie woorde bemoedig het, in Griekeland gekom.

3 En daar het hy drie maande gebly; maar toe die Jode teen hom saamgespan het, terwyl hy juis na Sírië sou afvaar, het hy besluit om deur Macedónië terug te gaan.

4 En tot in Asië het Sópater van Beréa hom vergesel, en van die Thessalonicense, Aristárchus en Secúndus, en Gajus van Derbe en Timótheüs, en uit Asië Tíchikus en Trófimus. 5 Hulle het vooruitgegaan en in Troas op ons gewag. 6 Maar ná die dae van die ongesuurde brode het ons van Filíppi uitgeseil en binne vyf dae by hulle in Troas gekom waar ons sewe dae deurgebring het.

7 En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe. 8 En daar was baie lampe in die bovertrek waar hulle vergader het.

9 En 'n sekere jongman met die naam van Eútichus het in die venster gesit en weggesink in 'n diepe slaap; en toe Paulus nog lank gespreek het, is hy oorweldig deur die slaap en het van die derde verdieping afgeval en is dood opgetel.

10 Toe gaan Paulus ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom.

11 En hy het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet; en nadat hy nog 'n geruime tyd gespreek het tot dagbreek toe, het hy vertrek. 12 En hulle het die seun lewendig huis toe weggebring en was uitermate getroos.

13 Maar ons het vooruit op die skip gegaan en afgevaar na Assus, waar ons van plan was om Paulus aan boord te neem; want so het hy dit bestel, omdat hy self te voet wou gaan. 14 Toe hy ons dan in Assus ontmoet, het ons hom aan boord geneem en by Mitiléne gekom. 15 En daarvandaan het ons weggevaar en die volgende dag teenoor Chios gekom, en die ander dag na Samos oorgevaar en in Trogíllion oorgebly en die dag daarop by Miléte gekom. 16 Want Paulus het besluit om by Éfese verby te vaar, sodat hy nie in Asië tyd sou verloor nie; want hy het hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die pinksterdag in Jerusalem te wees.

17 En van Miléte het hy gestuur na Éfese en die ouderlinge van die gemeente laat

roep. 18 En toe hulle by hom kom, sê hy vir hulle: Julle weet hoe ek, van die eerste dag af dat ek in Asië aangekom het, die hele tyd by julle gewees het 19 en die Here gedien het met alle nederigheid en baie trane en beproewinge wat oor my gekom het deur die komplotte van die Jode; 20 hoe ek niks agtergehou het van wat nuttig is nie, om dit aan julle te verkondig en julle te onderrig in die openbaar en in julle huise, 21 terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus.

22 En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem; en watter dinge my daar sal oorkom, weet ek nie, 23 behalwe dat die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukkinge my wag. 24 Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydschap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God.

25 En nou weet ek dat julle almal onder wie ek rondgegaan en die koninkryk van God verkondig het, my aangesig nie meer sal sien nie. 26 Daarom betuig ek aan julle op hierdie dag dat ek rein is van die bloed van almal. 27 Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie. 28 Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. 29 Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. 30 Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. 31 Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie. 32 En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes.

33 Niemand se silwer of goud of klere het ek begeer nie; 34 maar julle weet self dat hierdie hande voorsien het in die behoeftes van my en die wat by my was. 35 Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang.

36 En ná hierdie woorde het hy neergekniel en met hulle almal saam gebid. 37 En daar het 'n groot geween ontstaan van almal, en hulle het Paulus om die hals geval

en hom gesoen, 38 veral bedroef oor die woord wat hy gesê het, dat hulle sy aangesig nie meer sou sien nie. En hulle het hom na die skip begelei.

1. Handeling 20:1-6 – Paulus se besoek aan Macedonië en Achaje

1 En nadat die oproer verby was, het Paulus die dissipels na hom geroep en gegroet en het vertrek om na Macedónië te reis. 2 En hy het daardie streke deurgegaan, en nadat hy hulle met baie woorde bemoedig het, in Griekeland gekom.

3 En daar het hy drie maande gebly; maar toe die Jode teen hom saamgespan het, terwyl hy juis na Sírië sou afvaar, het hy besluit om deur Macedónië terug te gaan.

4 En tot in Asië het Sópater van Beréa hom vergesel, en van die Thessalonicense, Aristárchus en Secúndus, en Gajus van Derbe en Timótheüs, en uit Asië Tíchikus en Trófimus. 5 Hulle het vooruitgegaan en in Troas op ons gewag. 6 Maar ná die dae van die ongesuurde brode het ons van Filíppi uitgeseil en binne vyf dae by hulle in Troas gekom waar ons sewe dae deurgebring het.

1.1 Vrae by Handeling 20:1-6

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wanneer het Paulus na Macedonië vertrek? (vers 1)2. Waarheen het Paulus gegaan nadat hy deur Macedonië gereis het? (vers 2)3. Waarom het Paulus Macedonië en Griekeland besoek? (vers 1-2) |
|---|

Nadat Paulus vir meer as twee jaar in Efese gewerk het, het hy hom voorgeneem om deur Macedonië en Achaje te gaan en dan na Jerusalem terug te keer (Hand 19:21). Dit was net nadat Paulus vir Timoteus en Erastus solank vooruit gestuur het na Macedonië toe dat die oproer onder aanhitsing van Demetrius die silwersmid uitbreek het (Hand 19:23-24). Hierdie oproer was blykbaar net op die eendag in Efese gewees. **Na afloop van hierdie oproer** het Paulus die gelowiges in Efese gegroet en na Macedonië vertrek.

Van Efese af het Paulus noordwaarts oor land gereis tot by Troas. In Troas het die Here vir Paulus 'n deur geopen en hy het waarskynlik 'n paar dae daar gebly om die evangelie te verkondig. Hy was egter onrustig omdat hy nie vir Titus daar aangetref

het nie (2 Kor 2:12). Hierdie reis van Efese af na Troas het verby Smirna en Pergamum gegaan – twee gemeentes aan wie Jesus briewe geskryf het (Open 2:8-17).

Omdat Paulus onrustig was oor Titus en ook oor die gemeente in Korinthe het hy baie gou na sy aankoms in Troas na Macedonië vertrek. In Macedonië het Titus van Korinthe af by Paulus aangekom en berig gebring oor Korinthe waarop Paulus dan die tweede brief aan die Korinthiërs geskryf het (2 Kor 7:5-8).

Paulus het deur Macedonië gereis en by die gemeentes in Filippi, Tessalonika en Berea aangedoen. Uiteindelik het hy op hierdie reis oor land **in Griekeland aangekom**. Griekeland is die ander naam vir Achaje. Hier het Paulus by Athene verbygegaan en weer in Korinthe aangekom.

Paulus het hierdie reis deur Macedonië en Achaje onderneem **om die gelowiges in elkeen van hierdie stede te bemoedig**. So het Paulus reeds drie keer gedoen met die gemeentes in Derbe, Listre, Ikonium en Anthiochië in Pisidië. Nog 'n rede vir hierdie reis van Paulus was om die kollekte wat hierdie gemeentes vir die gelowiges in Jerusalem ingesamel het te ontvang sodat hy dit na Jerusalem kan neem (1 Kor 16:1-4).

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">4. Waarom wou Paulus uit Achaje na Sirië vertrek het? (vers 3)5. Waarom het Paulus weer deur Macedonië gereis en nie direk van Korinthe af na Sirië nie? (vers 3) |
|--|

Lukas berig dat Paulus vir drie maande in Achaje vertoef het waarvan die grootste gedeelte waarskynlik in Korinthe deurgebring is. Een kommentator merk op dat dit gedurende die drie winter maande was wat Paulus in Korinthe vertoef het. Dit is waarskynlik gedurende hierdie tyd wat Paulus die brief aan die Romeine geskryf het waarin hy meld dat hy van plan is om by hulle aan te doen en van hulle af verder wes tot in Spanje te reis (Rom 15:24).

Paulus wou met die kollekte wat deur die gelowiges in Macedonië en Achaje ingesamel is so gou as moontlik vertrek. **Waarskynlik was hy van plan om na die**

winter in Jerusalem te kom met die oog op die pasga van die Jode, maar hy wou eers na Sirië gaan omdat hy by die gemeente in Anthiochië in Sirië wil aandoen.

Die ongelowige Jode het egter saamgespan teen Paulus net toe hy van Kenchreë af na Sirië per skip sou vertrek. **Hierdie komplot van die Jode teen hom het Paulus laat besluit om eerder weer oor land na Macedonië te gaan** en vandaar af verder na Sirië en Jerusalem toe. Hierdie tyd van die jaar sou daar baie Joodse pelgrims wees wat per skip na Jerusalem gaan vir die fees. Die Jode was seker van plan om Paulus tydens die seereis van kant te maak.

In Romeine 15:19 skryf Paulus van Illirikum. Illirum is 'n streek wat noordwes van Macedonië geleë is. Lukas maak in Handeling 16 geen melding van die hierdie plek nie. Maar dan kom ons ook agter dat hy baie kripties skryf oor die reis van Troas af deur Macedonië en Achaje terug na Troas toe. Lukas het nie 'n reisjoernaal geskryf nie, maar is deur die Heilige Gees gelei om net neer te skryf wat God wil openbaar. Dit was waarskynlik op hierdie terugreis van Achaje af na Macedonië toe dat Paulus verder weswaarts tot by Illirikum gereis het.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">6. Wie almal het saam met Paulus uit Achaje gereis? (vers 4)7. Wie het vooruitgegaan en In Troas gewag en vir wie het hulle gewag? (vers 5)8. Wie het uit Filippi na Troas vertrek en wanneer het hulle vertrek? (vers 6) |
|---|

Dit was 'n aansienlike reisgeselskap wat saam met Paulus tot in Asië gereis het. Hulle was **Sopater van Berea, Aristarchus en Secundus van Tessalonika, Gajus van Derbe en Timoteus**. Verder was daar ook nog **Trofimius en Tichikus wat uit Asië** afkomstig is. Ons hoor in die name en plekke dat hierdie reisgeselskap verteenwoordigers is uit die gemeentes wat saam met Paulus reis om waarskynlik die kollekte saam met hom aan die gelowiges in Jerusalem te bring.

Een kommentaar merk na aanleiding van die name Aristarchus en Secundus uit Tessalonika die volgende op: Aristarchus se naam is verbind aan die regerende mense in Tessalonika. Daaruit lei hy af dat Aristarchus waarskynlik uit 'n welvarende

familie kom. Oor Secundus sê hy dat hy waarskynlik 'n slaaf was. Slawe is gewoonlik nie op hulle name genoem nie. Secundus was dan die tweede slaaf van 'n betrokke eienaar.

Let op hoe skryf Lukas in vers 5 en verder. Hulle het vooruitgegaan en in Troas op ons gewag. Hier begin hy weer die eerste persoon meervoud *ons* gebruik. Dit blyk dus dat Lukas by Paulus en die res van die reisgeselskap in Filippi aangesluit het op weg na Troas toe. Uit die wyse waarop Lukas dit skryf, wil dit voorkom of **al die manne wie se name in vers 4 genoem word diegene is wat vooruitgegaan het na Troas toe en daar vir Paulus en Lukas (ons) gewag het.**

Lukas skryf dat *ons* – dit is **waarskynlik Paulus en Lukas** – na die dae van die **ongesuurde brode** van Filippi af na Troas geseil het. Paulus-hulle sou die pasga en die fees van die ongesuurde brode dan in Filippi gevier het – nie meer soos die Jode doen nie, maar vanuit die vervulling van Jesus Christus se offer aan die kruis.

Inteenstelling met die reis destyds (Hand 16:11) van Troas af na Neapolis om by Filippi te kom – daardie reis het twee dae geduur – het Paulus en Lukas nou vir vyf dae geseil om in Troas aan te kom. In Troas het hulle vir sewe dae gebly omdat Paulus die vorige keer toe hy op pad was na Macedonië nie solank daar kon bly nie oor die onrus oor Titus en die gemeente in Korinthe (vgl. 2 Kor 2:12).

2. Handeling 20:7-12 – Paulus in Troas en die opwekking van Eutichus

7 En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegesprek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe. 8 En daar was baie lampe in die bovertrek waar hulle vergader het.

9 En 'n sekere jongman met die naam van Eútichus het in die venster gesit en weggesink in 'n diepe slaap; en toe Paulus nog lank gesprek het, is hy oorweldig deur die slaap en het van die derde verdieping afgeval en is dood opgetel.

10 Toe gaan Paulus ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom.

11 En hy het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet; en nadat hy nog 'n geruime tyd gesprek het tot dagbreek toe, het hy vertrek. 12 En hulle het die seun lewendig huis toe weggebring en was uitermate getroos.

2.1 Vrae by Handeling 20:7-12

1. Waarom het Paulus so lank gepreek op hierdie Sondagaand? (vers 7)
2. Wat het veroorsaak dat Eutichus aan die slaap geraak en by die venster uitgeval het? (vers 8-9)
3. Hoe het die Here die gelowiges in Troas vertroos deur middel van Paulus? (vers 10-11)

Nadat Paulus en Lukas hulle by die ander reisgenote in Troas aangesluit het, het hulle vir sewe dae in die stad gebly. Lukas maak nêrens melding van die begin van die gemeente in Troas nie. Dit kon gebeur het na Paulus se eerste verblyf in Troas tydens sy tweede sendingreis (Hand 16:8).

Dit is ook die eerste keer dat Lukas skryf dat die gelowiges op 'n Sondag bymekaar gekom het om die Woord te hoor en brood te breek. Die eerste dag het die verkieslike dag geword om as gelowiges bymekaar te kom omdat dit die opstandingsdag van Jesus was. Die brood wat hulle gebreek het, verwys na die liefdesmaaltyd wat hulle gehou het en wat tydens die erediens in die nagmaal oorgegaan het.

Die Sondag was 'n gewone werksdag in die Romeinse ryk. Daarom is dit te verstane dat die gelowiges in die aand bymekaar gekom het. Hierdie Sondag was die laaste dag wat Paulus hulle in Troas sou wees, **want hy sou die volgende dag van hulle af vertrek het. Paulus het ook nie geweet wanneer en of hy ooit weer hierdie gelowiges sou sien nie.** Daarom het hy sy prediking gerek tot middernag toe.

Ons weet dat skeepsreise in daardie tyd normaalweg in die lente en somer maande plaasgevind het. Paulus-hulle het in die lente in Troas aangekom, want hulle het die paastyd in Filippi deurgebring. In die bovertrek waar die gelowiges bymekaar gekom

het, het daar baie lampe gebrand. Eutichus het in die venster gesit waar hy vars lug sou kon kry. **Maar die dag se werk, die baie lampe wat gebrand het, en die groot aantal mense in die bovertrek tesame met die lang preek van Paulus het veroorsaak dat Eutichus nie meer die slaap kon keer nie.**

Onder die preek het hy in 'n diepslaap weggesink en by die venster uitgeval. Die bovertrek was op die derde verdieping. Die val was vir Eutichus noodlottig, want Lukas – 'n mediese dokter – skryf dat hy dood was waar hy geval het.

Eutichus se val uit die venster uit sou 'n hele konsternasie veroorsaak het onder die gelowiges. Daarom het Paulus ondertoe gegaan om by Eutichus uit te kom. Hier het ons weereens 'n bewys dat die geloof van genesing nie in die een is wat genees moet word nie, maar in die een wat die Here gebruik om te genees. Deur die Heilige Gees was Paulus oortuig dat die Here Jesus vir Eutichus uit die dood sal opwek. Daarom het hy dadelik op Eutichus gaan lê en sy arms om hom gesit. Hierdie opwekking herinner ook aan die opwekking van Dorkas (Hand 9:40).

As gevolg van die konsternasie wat ontstaan het, het Paulus die gelowiges dadelik tot bedaring gemaak, want hy het gevoel hoe **die Here die lewe in Eutichus terugbring**. Daarna is Paulus en almal weer terug in die bovertrek in waar hulle saam geëet het.

Omdat almal na die voorval heeltewel wakker was en Paulus versterk deur die Here met die geloof en brood, kon Paulus voortgaan met die prediking tot dagbreek toe. **In die prediking het die Here die gelowiges verder vertroos**. Jesus is die lewende Verlosser wat ook vir Eutichus opgewek het.

3. Handeling 20:13-16 – Paulus reis van Troas tot Milete

13 Maar ons het vooruit op die skip gegaan en afgevaar na Assus, waar ons van plan was om Paulus aan boord te neem; want so het hy dit bestel, omdat hy self te voet wou gaan. **14** Toe hy ons dan in Assus ontmoet, het ons hom aan boord geneem en by Mitilene gekom. **15** En daarvandaan het ons weggevaar en die volgende dag teenoor Chios gekom, en die ander dag na Samos oorgevaar en in Trogillion oorgebly en die dag daarop by Miléte gekom.

16 Want Paulus het besluit om by Éfese verby te vaar, sodat hy nie in Asië tyd sou verloor nie; want hy het hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die pinksterdag in Jerusalem te wees.

3.1 Vrae by Handeling 20:13-16

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Hoe het Paulus van Troas af tot by Milete gereis? (vers 13-15)2. Waarom het Paulus Efese verby gegaan tot by Milete? (vers 16) |
|--|

Lukas en die res van die reisgeselskap het van Troas na Assus gevaar waar hulle vir Paulus aanboord sou neem. Paulus het dus tot op die laaste oomblik in Troas gebly waarskynlik om nog die gelowiges te bemoedig. **Van Troas af het Paulus oor land geloop tot by Assus.** Die twee plekke was sowat 32 km van mekaar af.

In **Assus** het Paulus aan boord gegaan en saam met die res na **Mitilene** gevaar. Mitilene is die vernaamste stad op die eiland Lesbos wat die grootste eiland is aan die weskus van Asië. Van **Mitilene** af het hulle weggevaar en die volgende dag teenoor **Chios** verby gevaar. Chios was 'n kleiner eiland en ook die geboorte plek van die Griekse digter Homeros.

Die dag daarna – die derde dag nadat hulle van Assus af gevaar het – het hulle by **Samos** gekom. Samos was nog 'n klein eilandjie reg wes van Efese af. Samos is die geboorte plek van die bekende Griekse wiskundige Pathagoras. Verby Samos het hulle tot by **Trogillion** gevaar. Trogillion is 'n hawetjie in Asië en hier het Paulus-hulle oorgebly. Die volgende dag het hulle van Trogillion na **Milete** gevaar. Kleinerige skepies soos die waarmee Paulus-hulle geseil het, het naby die kus gehou en saans in 'n hawe ingevaar om te oornag.

Milete was sowat 48 km van Efese af. Paulus het nie by Efese aangedoen nie, **want hy wou nie tyd verloor in Asië nie. Sy doel was om – as dit moontlik was – op pinksterdag in Jerusalem te wees.** Dit was nie dat Paulus die gelowiges in Efese vermy het nie. Hy het geweet hy sal nie net vir 'n dag of twee in Efese kan oorbly nie.

4. Handeling 20:17-38 – Paulus se laaste woorde aan die ouderlinge van Efese

17 En van Miléte het hy gestuur na Éfese en die ouderlinge van die gemeente laat roep. **18** En toe hulle by hom kom, sê hy vir hulle: Julle weet hoe ek, van die eerste dag af dat ek in Asië aangekom het, die hele tyd by julle gewees het **19** en die Here gedien het met alle nederigheid en baie trane en beproewinge wat oor my gekom het deur die komplote van die Jode; **20** hoe ek niks agtergehou het van wat nuttig is nie, om dit aan julle te verkondig en julle te onderrig in die openbaar en in julle huise, **21** terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus.

22 En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem; en watter dinge my daar sal oorkom, weet ek nie, **23** behalwe dat die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukkinge my wag. **24** Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydschap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God.

25 En nou weet ek dat julle almal onder wie ek rondgegaan en die koninkryk van God verkondig het, my aangesig nie meer sal sien nie. **26** Daarom betuig ek aan julle op hierdie dag dat ek rein is van die bloed van almal. **27** Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie. **28** Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. **29** Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. **30** Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. **31** Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie. **32** En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes.

33 Niemand se silwer of goud of klere het ek begeer nie; **34** maar julle weet self dat hierdie hande voorsien het in die behoeftes van my en die wat by my was. **35** Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help

en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang.

36 En ná hierdie woorde het hy neergekniel en met hulle almal saam gebid. 37 En daar het 'n groot geween ontstaan van almal, en hulle het Paulus om die hals geval en hom gesoen, 38 veral bedroef oor die woord wat hy gesê het, dat hulle sy aangesig nie meer sou sien nie. En hulle het hom na die skip begelei.

4.1 Vrae by Handeling 20:17-38

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarom het Paulus die ouderlinge van Efese na Milete geroep? (vers 17)2. Waarop vestig Paulus die ouderlinge se aandag heel eerste? (vers 18-21) |
|--|

Paulus het Efese verbygegaan op die vaart van Troas af omdat hy nie tyd wou verwyd in Asië nie. Hy het geweet dat hy nie gou van Efese af sal weggekom wanneer hy eers weer daar gekom het nie. Sy oogmerk was om in Jerusalem te wees met pinksterdag, as dit enigszins moontlik was. **As gevolg van die tydsdruk het Paulus eerder by Milete aan wal gegaan en die ouderlinge van Efese na hom geroep.**

Hy het nou wel vir drie jaar daar gewerk, maar hy was op pad Jerusalem toe en op grond van die Heilige Gees se getuigenis aan hom in elke stad (Hand 20:22-23) was hy nie seker of hy ooit weer hierdie ouderlinge sou sien nie. Hy wil hulle ook bemoedig soos wat hy met al die ander gemeentes gedoen het waar hy gewerk het.

Hierdie rede van Paulus aan die ouderlinge van Efese is die enigste rede wat Lukas van Paulus neergeskryf het wat hy tot gelowiges gespreek het. Dit is waarskynlik ook nie enigste rede wat Lukas persoonlik gehoor het. In hierdie rede hoor ons die pastorale stem van die apostel.

In die eerste deel van die rede (vers 18-21) **vestig Paulus die ouderlinge se aandag op sy eie optrede onder hulle gedurende die hele tyd wat hy by hulle**

was. Dit is Paulus se afskeidsrede en herinner nogal sterk aan Samuel se afskeidsrede wat in 1 Samuel 12 vir ons opgeteken is.

Paulus herinner die ouderlinge aan sy eie optrede van die eerste dag af dat hy by hulle in Asië gekom het. Met groot sekerheid en oortuiging sê Paulus dat hy gedurende die hele tyd van sy verblyf in Efese konsekwent gehandel het en nie een maal kompromieë aangegaan het nie. Met hierdie herinnering aan sy eie optrede is Paulus nie besig om sy eie beeld by die Efesiërs te poets nie. **Sy optrede onder die Efesiërs was uit en uit diens aan die Here.** Wanneer hy sy eie optrede dus aan die ouderlinge voorhou, stel hy aan hulle die voorbeeld van volgehoue en getroue diens aan die Here. Hulle moenie vir Paulus navolg omdat hy Paulus die apostel en prediker is nie. Hulle moet Jesus Christus navolg, soos wat Paulus 'n voorbeeld vir hulle was en steeds is.

Paulus se diens aan die Here was **nederig**. Hy het hom nie bo ander gelowiges verhef asof hy beter sou wees nie. Hy is 'n dienskneg van die Here onder ander diensknegte. Sy diens aan die Here het ook **onder baie trane en beproewinge** geskied as gevolg van die komplotte wat die Jode teen hom gesmee het. Die teenstand wat Paulus van die ongelowige Jode beleef het waarvan Lukas berig het (Hand 19:8-9) was dus maar klein in vergelyking met dit wat hy moes verduur het in die drie jaar in Efese.

Vir Paulus self was die drie jaar in Efese nie maklik nie, maar deur die genade van die Here kon hy in nederige diens aan die Here volhard. Vir die ouderlinge van Efese lê daar ook nog moeilike dae voor (Hand 20:30), maar hulle moet volhard soos wat hulle Paulus sien volhard het in sy diens aan die Here.

Wat sy verkondiging aan die Efesiërs betref, het Paulus nie net sy geliefde gedeeltes uit die Skrif aan hulle verkondig nie. **Hy het die hele Skrif aan hulle verkondig**, want hy het niks agtergehou van wat nuttig is nie. In sy tweede brief aan Timoteus skryf Paulus juis dat die hele Skrif nuttig is (2 Tim 3:16). Daar was ook **nie een plek of geleentheid wat Paulus oorgeslaan het** om hulle te onderrig nie. Hy het dit in die openbaar sowel as in hulle huise gedoen. Vir Paulus was daar nêrens 'n plek wat ongeskik is en nooit 'n tyd wat ongeleë is om onderrig te gee nie. Daarom het

Paulus ook later vir Timoteus aangespoor om tydig en ontydig aan te hou met die verkondiging (2 Tim 4:2).

Afgesien van die volle omvang van die Woord en dat hy geen plek of tyd ontsien het om die Woord te verkondig nie, het Paulus ook nie sy gehoor selektief gekies nie. Hy het **kragtig by Jode sowel as Grieke aangedring op bekering tot God en geloof in Jesus Christus**. Alle mense het die verlossing deur Christus nodig, want alle mense staan as skuldige sondaars voor God. Niemand moes eerder die evangelie gehoor het as iemand anders nie. Almal het ewe veel van die verkondiging nodig.

Almal moet hulle gesindheid teenoor God verander – hulle moet hulle tot God bekeer. Almal moet hulle vertrouwe in Jesus Christus stel – hulle moet in Jesus Christus glo.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">3. Waarom gaan Paulus Jerusalem toe? (vers 22)4. Hoe weet hy wat op hom wag in Jerusalem? (vers 23)5. Waarom deins Paulus nie terug om na Jerusalem te gaan nie? (vers 24) |
|--|

Paulus het homself al tussen vier en ses maande gelede voorgeneem om deur Macedonië en Achaje te gaan en na Jerusalem te reis en dan ook nog na Rome. Dit was sy voorneme nog voor die oproer in Efese uitbreek het (Hand 19:21). Hy het deur Macedonië en Achaje gereis, maar toe hy van Korinthe af na Sirië wou vaar, het hy van 'n komplot van die Jode teen hom te hore gekom. Daarom het hy sy reisreëlins verander – in plaas daarvan om van Achaje direk na Sirië te vaar, het hy weer deur Macedonië gereis terug na Troas toe (Hand 20:3). Van Assus af het hy saam met die ander reisgenote nou tot by Milete gevaar. Hy was van plan om op pinksterdag in Jerusalem te wees, as dit moontlik was (Hand 20:16).

Aanvanklik het Paulus onder leiding van die Heilige Gees beplan om na Jerusalem te gaan en dan ook die kollekte van die onderskeie gemeentes vir die gelowiges in Jerusalem af te dra. Dit sou dan die afsluiting wees van hierdie reis van hom en daarna sou hy die volgende reis na Rome begin het. **In die afgelope vier tot ses**

maande het Paulus meer en meer deur die Gees gedring gevoel om na Jerusalem te gaan. Paulus was om die waarheid te sê deur die Gees gevange gehou om na Jerusalem te gaan. Paulus wat al so lank met sy oor teen die mond van die Heilige Gees leef, was daar geen twyfel oor waarheen die Gees wil hê hy moet gaan nie.

Aan die een kant sê Paulus aan die ouderlinge dat hy nie weet wat hom daar in Jerusalem sal oorkom nie. Die detail van wat in Jerusalem gaan gebeur, weet Paulus nie, maar die Heilige Gees het tot nou toe nog in elke stad getuig dat dat boeie en verdrukking op wag in Jerusalem.

Vir etlike jare al het Paulus die teenkating van die Jode beleef. Uit verskeie sinagoges het hy gegaan oor die teenstand wat die Jode teen die evangelie gebied het. Uit verskeie stede is Paulus deur die Jode verdryf. In Listre het hulle destyds sover gegaan om hom te stenig en vir dood uit die stad uit te sleep. In Berea moes die gelowiges hom inderhaas nog in die nag uit die stad weggry omdat die Jode van Tessalonika op pad was daarheen. En nou dat Paulus weer deur die stede in Macedonië en Achaje gereis het, het hy waarskynlik oral die venyn van die Jode gehoor wat al ernstiger teen hom na vore kom. En toe hy van die komplot van die Jode in Korinthe hoor het hy al meer besef dat die aankoms in Jerusalem nie hartlik sal wees nie. **Deur al hierdie gebeure het die Heilige Gees deur ander gelowiges (vgl. Hand 21:4) en ook direk in Paulus se hart hom laat verstaan dat daar vir hom verdrukking wag in Jerusalem.**

Alhoewel hierdie verdrukking gaandeweg aan hom bekend word, is Paulus nie bekommerd nie en is hy nie angstig oor sy eie lewe nie. **Sy eie lewe weeg nie swaarder as die opdrag wat die Here aan hom gegee het nie.** Hy moet getuie van Jesus Christus wees op elke plek waarheen die Gees hom ook al lei.

Onder leiding van die Heilige Gees gaan Paulus dan ook Jerusalem toe, sodat hy in daardie omstandighede sy opdrag kan uitvoer – hy wil met blydskap sy loopbaan (lewenswedloop – 2 Tim 4:7) volbring en met blydskap wil hy sy bediening wat hy van die Here ontvang het, volbring. En die bediening wat hy van die Here ontvang het is om kragtig te getuig vir die evangelie van God se genade. Die opdrag wat

Jesus Christus nog aan Paulus gegee het by sy bekering in Damaskus, was die bindende faktor in Paulus se lewe. Vir hom het daar niks meer anders bestaan of was belangrik genoeg om hierdie opdrag vir een oomblik agterweë te laat nie.

Omdat hierdie opdrag so swaar geweeg het, het Paulus alles – selfs sy eie lewe – ontsien sodat hy kan doen wat die Here vir hom gesê het.

6. Waarom was Paulus oortuig dat dit die laaste keer is wat die Efesiërs hom sal sien? (vers 25)
7. Waarom betuig hy dat hy rein is van almal se bloed? (vers 26-27)

Die feit dat **die Jode se komplotte** teen hom al dringender word en **die Heilige Gees aan hom in elke stad getuig het dat boeie en verdrukking op hom wag in Jerusalem**, het daartoe gelei dat Paulus van die oortuiging was dat hierdie laaste keer sal wees wat hy na Jerusalem toe gaan. Hy is nie doodseker wat alles sal gebeur nie, maar dit lyk asof hierdie die laaste keer is wat hy en die ouderlinge van Efese mekaar sal sien.

In Efese het die Here baie wonders deur Paulus gedoen (vgl. Hand 19:11, 12, 15), maar dit was in Paulus se oë nie die belangrikste van sy werk nie. Die belangrikste van sy werk was dat hy die koninkryk van God verkondig het. Almal moet weet dat God alleen Koning is en Hy regeer regverdig deur sy Gees en Woord. Die mense wat in God se koninkryk is, is die mense wat deur Christus verlos is.

Omdat dit heel moontlik die laaste keer is wat Paulus en die Efesiërs mekaar sien, stel hy dit duidelik aan die ouderlinge dat hy sy werk as apostels behoorlik gedoen het. **Hy het die opdrag van Jesus uitgevoer deur die hele raad van God aan hulle te verkondig.** Hy het God se genade en liefde in Jesus Christus aan hulle verkondig sowel as die regverdigheid en oordeel van God wat Christus op die laaste dag sal voltrek, verkondig. Hy het alles wat hulle moet weet aangaande God en sy werk aan hulle verkondig.

Daarom kan niemand van hulle na die tyd sê maar hulle het dit of dat nie geweet nie. Niks van die Here en sy werk sal vir die Efesiërs 'n verrassing wees nie, want Paulus het dit uit die Skrifte vir hulle aangetoon en dit aan hulle verkondig. Omdat Paulus die hele raad van God aan hulle verkondig het, sal niemand vir Paulus kan beskuldig as hulle struikel in sonde of selfs verlore gaan nie. Hy is werklik rein van almal in Efese se bloed.

8. Watter opdragte het Paulus aan die ouderlinge gegee (vers 28)
9. Waarop berus die opdragte wat Paulus aan die ouderlinge gee (vers 28)
10. Waarom het Paulus hierdie opdragte aan hulle gegee (vers 29-30)

Paulus het die gemeente in Efese en dus ook die ouderlinge in die hele raad van God onderrig. Hulle is dus toegerus om die opdragte wat hy nou aan hulle gee uit te voer. **In die eerste plek moet die ouderlinge op hulleself ag gee.** As ouderlinge is hulle voorgangers en leiers vir die gemeente. Hulle het 'n verantwoordelikheid ten op sigte van hulleself om so te lewe dat hulle die gemeente op 'n verantwoordelike wyse kan lei. Hulle moet toesien dat hulle eie verhouding met die Here gesond bly deurdat hulleself naby en in biddende afhanklikheid van die Here lewe.

In die tweede plek moet hulle ag gee op die gemeente. Die gemeente is aan die sorg van die ouderlinge toevertrou. Hulle moet die gemeente net so liefhê en versorg as wat hulle met hulleself doen.

Die opdragte aan die ouderlinge berus op twee sake. **In die eerste plek berus dit op wat die Heilige Gees met hulle as ouderlinge gedoen het en in die tweede plek berus dit op wat God met die gemeente gedoen het.** Hierdie ouderlinge is leiers en voorgangers in die gemeente in Efese nie net omdat hulle deur die gemeente of deur die apostel gekies is nie. Hulle is deur die Heilige Gees self as ouderlinge aangestel. Hulle opdrag om toe te sien na die lewe van gemeente is dus deur die Here self aan hulle gegee.

Verder moet die ouderlinge ook bewus daarvan bly dat die gemeente nie aan hulle behoort nie, maar aan die Here. God het die gemeente as eiendom van Homself

verkry deur die bloed van sy Seun. Daarom is die opdrag om na die gemeente om te sien so 'n gewigtige opdrag.

Uit ondervinding weet Paulus dat die gemeente van die Here nooit onaangeraak in hierdie wêreld sal kan bly nie. Hier aan die einde van die derde sendingreis het Paulus al te doen gehad met die valse leraars wat die gemeentes in Galasië verwar het. Daarom weet hy dat ook **die gemeente in Efese nie immuun sal bly teen die aanslae van buite af nie**. Hierdie aanvallers van buite af is wrede wolwe wat niks vir die gemeente van die Here omgee nie. Teen wolwe is skape uiters weerloos. Teen die wrede aanvalle op watter terrein ook al is 'n gemeente ook weerloos. Daarom is dit die verantwoordelikheid van die ouderlinge om die gemeente nie net te lei en te voed nie, maar ook om hulle te beskerm.

Die groot moeilikheid is dat die aanslae teen die gemeente nie net van buite af sal kom nie. **Selfs binne in die gemeente is daar mense wat hulle self sal aanmatig** en hulle sal verkeerde dinge praat met die bedoeling om die gelowiges agter hulle aan weg te lok van die Here en sy Woord af. Dit is dikwels makliker om die aanslag van buite af te herken en daarmee af te reken. Die aanslag wat vanuit eie geledere kom is moeilik omdat die persone wat die aanslag loods bekend is onder die gemeente en vir baie van hulle 'n vertroueling is. Daarom is dit vir die ouderlinge belangrik om leiding te gee ten opsigte van leerstellige sake.

11. Waaraan herinner Paulus die ouderlinge? (vers 31)

12. Waarom herinner hy hulle daaraan? (vers 31)

Paulus herinner die ouderlinge aan sy eie werkswyse in die gemeente. Wanneer Paulus die ouderlinge aanspoor om oor die gemeente te waak, herinner hy hulle aan die wyse waarop hy oor die gemeente gewaak het. **Paulus het dus aan die ouderlinge 'n voorbeeld gestel van verantwoordelike versorging van 'n gemeente**.

Om 'n gemeente te versorg is nie iets wat 'n mens sommer in 'n oogwink kan afhandel nie. **Dit is 'n langtermyn opdrag** – Paulus het vir drie jaar in die gemeente

gewerk. Dit is die langste wat hy in een gemeente gewerk het waarvan ons bewus is uit Handeling. Afgesien daarvan dat versorging van 'n gemeente 'n langdurige werk is, is dit ook 'n **moeisame werk**. Paulus het dag en nag in die gemeente gewerk. Vir hom het dit alleenlik oor die welstand van die gemeente gegaan, daarom was hy enige tyd van die dag of nag gereed om sy werk as apostels te verrig. Versorging van die gemeente is nie net fisies uitputtend nie, maar **ook emosioneel**. Paulus het dikwels met trane sy werk gedoen. Sy trane was nie oor wat hy oorgekom het nie, maar trane vir die gemeente self omdat hy die pyn wat hulle beleef vir homself aangetrek het wanneer hy moes vermaan.

13. Wat bedoel Paulus as hy die ouderlinge aan God en sy Woord opdra? (vers 32)

14. Wat sal God en die Woord aan die ouderlinge doen? (vers 32)

Paulus staan op die punt om van hierdie ouderlinge te vertrek en soos wat dit vir hom in hierdie stadium lyk, is dit die laaste keer wat hulle mekaar in hierdie lewe sal sien. Hy sal nie meer en moontlik ook nie weer as 'n apostel van Jesus Christus hulle kan bemoedig of onderrig nie. **Maar die voortbestaan en groei van hierdie ouderlinge en gemeente is nie van Paulus afhanklik nie, maar hoofsaaklik en uitsluitlik van die Here**. Daarom dra Paulus hulle aan op aan God en aan die woord van sy genade. Die Here is almagtig en alomteenwoordig en buitendien behoort die gemeente aan die Here self. Daarom kan die ouderlinge weet dat hulle in veilige hande is. Daarby het hulle ook die woord van sy genade waarmee die Heilige Gees hierdie gemeente ook sal lei om Jesus getrou te bly volg.

Die Here sal die gemeente met sy Woord opbou. Dit wil sê hulle sal voortdurend groei in hulle verhouding met die Here en toeneem in kennis van Hom. Sodoende sal die beeld van Christus al duideliker in elkeen van hulle navore kom. En deur sy genade sal Hy aan elkeen van die gelowiges ook hulle erfdeel onder al die heiliges gee. **Hulle sal dus deur die genade van die Here ook die ewige lewe in ontvangs mag neem**.

15. Waarom sluit Paulus af met die verwysing na sy finansiële versorging? (vers 33-35)

Paulus verseker die ouderlinge dat hy nie eenkeer begeer het dat hulle hom moes versorg in sy persoonlike behoeftes nie. Dit is egter nie verkeerd as 'n gemeente 'n apostels in sy persoonlike behoeftes versorg nie. Die gemeente in Filippi het by verskeie geleenthede in Paulus se persoonlike versorging 'n bydra gemaak wat hy met groot dank aanvaar het.

Paulus het eerder met sy eie hande sy ambag beoefen terwyl hy verkondig het. Met sy eie hande het hy 'n inkomste verdien om in sy eie en die wat saam met hom was se behoeftes te voorsien. Dit sê Paulus nie om te spog oor sy hardwerkendheid nie, maar om die ouderlinge **daarop te wys dat die een wat die Woord bedien dit nie doen om iets uit ander mense uit te kry nie**. Dit behoort vir die bedienaar eerder te gaan oor wat hy alles vir die ander kan gee. Met sy manier van werk het Paulus getoon **dit is hoe 'n bedienaar moet werk sodat hy die swakkes kan help**.

Afgesien van sy eie voorbeeld herinner Paulus die ouderlinge ook aan die woorde van Jesus – dit is saliger om te gee as om te ontvang. Hierdie woorde van Jesus is egter nêrens in die evangelie opgeteken nie. Dit is waarskynlik woorde van Jesus wat Paulus by een van die ander apostels gehoor het of wat Jesus persoonlik aan hom geleer het gedurende sy drie jaar in Arabië.

16. Hoedanig was die afskeid tussen Paulus en die ouderlinge van Efese? (vers 36-38)

Paulus het reeds gesê dat hy die ouderlinge aan God en aan die woord van sy genade opdra omdat hy weet watter moeilike taak daar op die ouderlinge wag (Hand 20:32). **En nou aan die einde van sy afskeidswoorde het hy neergekniel en saam met almal van hulle gebid**. Wat hy gesê het hy gaan doen, het hy dadelik gedoen ten aanhore van al die ouderlinge.

In hierdie afskeidstoneel merk 'n mens op dat Paulus werklik besorg was oor die gemeente en die ouderlinge wat die voorgangers is in die gemeente. Dit het vir hom

nie net daaroor gegaan dat die mense in Efese die evangelie moet glo nie, maar dat hulle regtig standvastig in die evangelie moet volhard.

Die gebeure na die gebed toon ook hoe geliefd Paulus onder die ouderlinge van Efese was. Hulle het hartseer geword en gehuil omdat Paulus van hulle af moet vertrek en veral omdat hy gesê het dat hulle mekaar nie weer in hierdie lewe sal sien nie. Hulle het hom op die gebruikelike manier van daardie tyd en kultuur gegroet. Daarop het hulle hom na die skip begelei waarop hy van hulle af vertrek het.